

## 25 Junie      Genesis 19:12-29

(Teks: 19:26)

### ***Ongehoorsaamheid het tragiese gevolge***

Waarom kan dit toegeskryf word dat Lot se vrou so tragies gesterf het? Sy was nie 'n spotter soos haar skoonseuns nie. Sy het immers saam met haar gesin uit die goddelose omgewing gevlug. Sy het Abraham geken, die regverdige en dus die weg van redding. Desondanks het sy tragies gesterf. Ons sou kon sê sy het verlore gegaan met die evangelie in die hand.

Waarom? Omdat sy omgekyk het. Haar hart was verdeeld en dit het haar moontlik na haar besittings, haar vriende of wêreldse lewenswyse getrek, in elk geval na iets wat sy moes agterlaat. In plaas van gehoorsaam te vlug, hink sy op twee gedagtes en word sy deur die oordeel ingehaal.

Dink u in: 'n gesin vlug saam. Die lug is swaar van vuur en swawel as gevolg van die stede wat onder God se oordeel in vlamme opgaan. Eindelik is hulle veilig in Soar, dank God, verlos en van die oordeel gered. Maar een ontbreek. Almal is gered, almal is behoue, behalwe een - moeder!

Dis ontstellend, omdat 'n geliefde moeder nie daar is nie. Sy het die wêreld gekies. In Jesus Christus is daar verlossing vir die hele gesin, vader, moeder en kinders. Hulle word elkeen geroep, gewaarsku, gedring om nie toe te gee aan die verleidinge van die wêreld nie. Hulle word aangemoedig om van die sonde te vlug, gehoorsaam te vlug na die arms van ons Saligmaker. Hy gryp ons hand om ons van die verderf te red.

Sing Psalm 86:6

Ds. M J. Smidt (Innesdal)